- Vorige idiopatiese of huidige veneuse trombo-embolisme (diepveneusetrombose, pulmonêre embolisme), trombo-emboliese versteurings of beroerte of geskiedenis hiervan
- Oorgeërfde trombofilie of bekende trombofilieversteurings (bv. proteïen C-, proteïen S- of antitrombientekort (sien Afdeling 4.4)
- Aktiewe of onlangse arteriële trombo-emboliese siekte (bv. angina, miokardiale infarksie)
- Aktiewe lewersiekte. Akute of chroniese lewersiekte of ’n geskiedenis van lewersiekte solank lewerfunksietoetse nie teruggekeer het na normaal toe nie
- Bekende hipersensitiwiteit vir estradiool, noretisteroonasetaat of vir enige van die ander bestanddele van Activelle® (sien Afdeling 6.1).
- Sekelselanemie
- Geelsug of aanhoudende gejeuk tydens ’n vorige swangerskap
- Endometriose
- Erge diabetes mellitus met vaskulêre veranderinge
- Versteurings van lipo-metabolisme
- Otosklerose met agteruitgang tydens swangerskap
- Geskiedenis van herpes tydens swangerskap
- Porfirie
- Pasiënte met bekende oorgeërfde genetiese mutasies: BRCA1- en BRCA2-gene
- Vroeë maandstondes (voor die ouderdom van 12 jaar)
- Geskiedenis van nie-kankeragtige siektes van die borste (atipiese hiperplasie of lobulêre karsinoom *in situ*).
- Vorige behandeling met bestralingsterapie aan die borskas of borste
- Vorige blootstelling aan diëtielstilbestrol (DES)
- Depressie wat nie goed met behandeling beheer word nie
- ’n Geskiedenis van depressie met die gebruik van estrogeen en/of progesteroon/progestogeen-bevattende medisynes, ongeag van die indikasie, doseringsformule en roete van toediening.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Hormoonvervangingsterapie (HVT) (estrogeen of estrogeen plus ’n progestien) is in verband gebring met groter risiko’s van sekere kankers en kardiovaskulêre siektes, met insluiting van miokardiale infarksie en beroerte.

Om koronêre hartsiektes te voorkom, moet HVT nie begin of voortgesit word nie.

Die voordele en risiko’s van HVT moet altyd deeglik opgeweeg word, insluitende die oorweging van die ontstaan van risiko’s namate terapie voortduur, veral wanneer langtermyngebruik oorweeg word.

Vir die behandeling van postmenopousale simptome, moet Activelle® slegs begin word vir simptome wat lewensgehalte nadelig raak. In alle gevalle moet ’n deeglike opweging van die risiko’s en voordele minstens jaarliks gedoen word en HVT moet slegs voortgesit word solank die voordeel swaarder as die risiko weeg.

Bewyse rakende die risiko’s wat verband hou met HVT in die behandeling van premature menopouse, is beperk. Weens die lae vlak van absolute risiko in jonger vroue, kan die balans van voordele en risiko’s vir hierdie vroue dalk meer gunstig wees as in ouer vroue.

Endometriale hiperplasie en kanker
Die risiko van endometriale hiperplasie en karsinoom neem toe wanneer estrogene, soos dié in Activelle®, vir langdurige tydperke op hul eie toegedien word. Die aangemelde groter risiko vir endometriale kanker onder slegs-estrogeen gebruikers varieer tussen 2- en 12-voudig groter in vergelyking met nie-gebruikers, afhangende van die tydsduur van behandeling en die dosis estrogeen (sien Afdeling 4.8). Nadat behandeling gestaak word, kan die risiko vir langer as 10 jaar verhoog bly.

Die toevoeging van ’n progestogeen, soos dié in Activelle®, siklies vir minstens 12 dae per maand/28-dae siklus of deurlopende gekombineerde estrogeen-progestogeenterapie in vroue wat nie ’n histerektomie gehad het nie, verlaag hierdie risiko, wat slegs met estrogeen-HVT in verband gebring word, aansienlik.

Deurbraak- en vlekbloeding kan voorkom tydens die eerste maande van behandeling. As deurbraak- of vlekbloeding ná die eerste maande van behandeling voortduur, na ’n ruk op behandeling met Activelle® verskyn of voortduur nadat behandeling gestaak is, moet die rede ondersoek word, wat ’n endometriale biopsie kan insluit om endometriale kwaadaardigheid uit te skakel.

In vroue met ’n intakte baarmoeder, verhoog die risiko van endometriale hiperplasie en endometriale kanker met toenemende tydsduur van gebruik van onverhinderde estrogene. Luidens data uit epidemiologiese studies, is die beste beraming van die risiko dat vir vroue wat nie HVT gebruik nie, ongeveer 5 uit elke 1 000 na verwagting tussen die ouderdom van 50 en 65 jaar met endometriale kanker gediagnoseer kan word.

Borskanker
Hormoonvervangingsterapie, Activelle® inkluis, bevat estrogeen en progestogeen wat, met langdurige gebruik, die risiko kan vergroot om borskanker te ontwikkel. ’n Meta-ontleding van ondersoekende epidemiologiese studies vanaf 1992 tot 2018 in 55 575 vroue wat 40–59 jaar oud was en menopousale hormoonterapie (MHT) gebruik het, het ’n beduidend groter risiko aangemeld om borskanker te ontwikkel. Die risiko het geleidelik toegeneem met tydsduur van gebruik en was effens groter vir estrogeen-progestogeen- as vir slegs-estrogeenpreparate, en die risiko het vir langer as 10 jaar ná staking van behandeling

voortgeduur. Die relatiewe risiko (RR) om borskanker met estrogeen-progestogeen-preparate te ontwikkel, was 1,60 op 1 – 4 jaar en RR = 2,08 op 5 –14 jaar, terwyl dié vir slegs-estrogeenpreparate 1,17 op 1 – 4 jaar en 1,33 op 5 – 14 jaar was. Daar was geen risiko in vroue wat op 60-jarige ouderdom met MHT begin het, om borskanker te ontwikkel nie.

Alle vroue op Activelle® moet jaarlikse borsondersoeke deur ’n verskaffer van gesondheidsorg ondergaan en hul borste maandeliks self ondersoek. Mammografie-evaluerings moet op grond van die pasiënt se ouderdom, risikofaktore en vorige mammogram-uitslae gedoen word.

HVT, soos Activelle®, vergroot die digtheid van mammografiese beelde, wat die radiologiese opsporing van borskanker kan affekteer.

Veneuse trombo-embolisme
HVT soos Activelle®, word in verband gebring met ’n hoër relatiewe risiko om veneuse trombo-embolisme (VTE) te ontwikkel, d.i. diepveneusetrombose of pulmonêre embolisme. Een gerandomiseerde beheerde proef en epidemiologiese studies het ’n twee- tot drievoudige hoër risiko vir gebruikers in vergelyking met nie-gebruikers bevind. Die voorkoms van so ’n gebeurtenis is meer waarskynlik in die eerste jaar van HVT as later (sien Afdeling 4.8).

In vroue met risikofaktore vir veneuse trombo-embolisme (VTE), moet die voordele van behandeling met Activelle® deeglik teen die risiko’s opgeweeg word. Pasiënte met bekende trombofiliese toestande het ’n groter risiko van VTE en HVT kan bydra tot hierdie risiko. HVT is gevolglik teenaangedui in hierdie pasiënte (sien Afdeling 4.3).

Risikofaktore wat oor die algemeen vir VTE herken word, sluit in die gebruik van estrogene, ouer ouderdom, groot chirurgie, langdurige immobilisering, swangerskap-/nabevallingstydperk, ’n persoonlike of familiegeskiedenis, erge obesiteit (liggaamsmassa-indeks (LMI) > 30 kg/m²) en sistemiese lupus eritematose (SLE). Daar is geen konsensus oor die moontlike rol van spatare in VTE nie.

Die risiko van VTE kan tydelik verhoog met langdurige immobilisering, erge trauma of groot chirurgie. Soos in alle pasiënte wat chirurgie ondergaan het, moet noulettende aandag aan profilaktiese maatreëls geskenk word om VTE ná chirurgie te voorkom. Waar elektiewe chirurgie, veral abdominale chirurgie of ortopediese chirurgie aan die bene, aanleiding sal gee tot langdurige immobilisering, moet oorweging aan die tydelike staking van HVT vier tot ses weke vantevore, indien moontlik, geskenk word. Behandeling moet nie hervat word totdat die vrou heeltemal mobiel is nie.

In vroue met geen persoonlike geskiedenis van VTE nie, maar met ’n eerstegraad bloedverwant met ’n geskiedenis van trombose op ’n jong ouderdom, kan toetsing dalk ná noukeurige berading met betrekking tot die beperkings daarvan (slegs ’n gedeelte van trombofiliese defekte word deur toetsing geïdentifiseer) aangebied word.

Sou ’n trombofiliese defek geïdentifiseer word wat met trombose in familielede segregeer, of as die defek “erg” is (bv. antitrombien-, proteïen S- of proteïen C-tekort of ’n kombinasie van defekte), is HVT teenaangedui (sien Afdeling 4.3).

Vroue wat reeds op chroniese teenstollingsbehandeling is, moet die voordeel-risiko met die gebruik van HVT deeglik opweeg.

As VTE ontwikkel nadat terapie met Activelle® ’n aanvang neem, moet dit gestaak word. Pasiënte moet aangesê word om hul dokters onverwyld te kontak wanneer hulle bewus raak van ’n potensiële trombo-embolitiese simptoom (bv. pynlike swelling van ’n been, skielike pyn in die borskas, dispnee).

Koronêre arteriesiekte (KAS)
Gerandomiseerde beheerde proewe het geen bewys van beskerming teen miokardiale infarksie in vroue met of sonder bestaande KAS wat gekombineerde estrogeen-progestogeen of slegs-estrogeen HVT ontvang het, getoon nie.

Die relatiewe risiko van KAS tydens die gebruik met gekombineerde estrogeen-progestogeen HVT, is effens groter. Aangesien die grondlyn absolute risiko van KAS sterk ouderdomsafhanklik is, is die aantal ekstra gevalle van KAS weens die gebruik van estrogeen-progestogeen in gesonde vroue naby menopouse baie laag, maar sal toeneem met meer gevorderde ouderdom.

Beroerte
Gekombineerde estrogeen-progestogeen- en slegs-estrogeen-terapie is in verband gebring met tot ’n 1,5-voudige groter risiko van isgemiese beroerte. Die relatiewe risiko verander nie met ouderdom of tyd sedert menopouse nie. Aangesien die grondlynrisiko vir beroerte sterk ouderdomsafhanklik is, sal die algehele risiko vir beroerte in vroue wat HVT gebruik egter vergroot met ouderdom (sien Afdeling 4.8).

Kanker van die eierstokke
Kanker van die eierstokke is veel seldsamer as borskanker.

Epidemiologiese bewys uit ’n groot meta-ontleding dui op ’n effens groter risiko in vroue wat slegs-estrogeen- of gekombineerde estrogeen-progestogeen HVT neem, wat binne 5 jaar se gebruik aan die lig kom en oor tyd afneem nadat dit gestaak word.

Ander studies, insluitende die WHI-proef, dui daarop dat die gebruik van gekombineerde HVT’s in verband gebring kan word met ’n eenderse of effens kleiner risiko (sien Afdeling 4.8).

Mediese ondersoek/opvolg
Voordat Activelle® begin of heringestel word, moet ’n volledige persoonlike en familiale mediese geskiedenis geneem word, tesame met ’n deeglike algemene bors- en ginekologiese ondersoek (’n Papsmeer inkluis). Gereelde ondersoeke word tydens behandeling aanbeveel. Vroue moet geadviseer word van watter veranderinge in hul borste by hul dokter of verpleegkundige aangemeld moet word. Ondersoeke, insluitende gepaste beeldnemingsinstrumente, bv. mammografie, moet ooreenkomstig tans-aanvaarde deurligtingspraktyke gedoen en aangepas word vir die kliniese behoeftes van die individu.

Gereelde borsondersoeke en mammografie, waar toepaslik, moet in vroue op Activelle® gedoen word. Borsstatus moet ook noulettend gemonitor word in vroue met ’n geskiedenis van of bekende knoppe in die bors of fibrosistiese siekte.

Toestande wat toesig verg
’n Deeglike opweging van die risiko-/voordeelverhouding moet oor tyd onderneem word in vroue wat met Activelle® terapie behandel word. Sou enige van die volgende toestande teenwoordig wees, voorheen voorgekom het en/of tydens swangerskap of vorige hormoonbehandeling vererger het, moet die voordele van behandeling teen die moontlike risiko’s opgeweeg word. In hierdie gevalle moet die pasiënt onder noulettende toesig wees. Hierdie toestande kan weer opduik of tydens behandeling met Activelle® vererger (sien Afdeling 4.3):

- Estrogeen-afhanklike gewasse van die borste, baarmoeder, eierstokke en lewer
- Leiomioom (uteriene fibroïede), endometriose of ’n geskiedenis van hiperplasie van die endometrium
- Fibrosistiese siekte van die borste en direkte familielede van pasiënte met borskanker
- Trombo-emboliese versteurings of die teenwoordigheid van risikofaktore

- Hipertensie
- Diabetes mellitus, met of sonder vaskulêre betrokkenheid
- Lewerversteurings (bv. leweradenoom)
- Cholelitiase
- Otosklerose wat tydens swangerskap versleg het
- Migraine of (erge) hoofpyn
- Sistemiese lupus eritematose
- Epilepsie
- Veelvuldige sklerose
- Versteurde lewer- en nierfunksie
- Hartversaking
- Porfirie.

Redes vir onmiddellike onttrekking van Activelle® terapie:
Activelle® terapie moet gestaak word as ’n kontra-indikasie aan die lig kom en in die volgende situasies:

- Geelsug of agteruitgang in lewerfunksie
- Beduidende styging in bloeddruk
- Nuwe aanvang van migraine-agtige hoofpyn.
- Swangerskap.

Ander toestande
Estrogene kan vloeistofretensie veroorsaak, gevolglik moet pasiënte met hart- of nierdisfunksie noulettend dopgehou word. Pasiënte met eindstadium niersiekte moet noulettend gemonitor word aangesien daar verwag word dat die sirkulasievlakke van die aktiewe komponente van Activelle® verhoog sal wees.

In geval van verergering van asma, epilepsie of diabetes mellitus, moet Activelle® heroorweeg word.

Daar is aangemeld dat daar ’n groter risiko van chirurgies-bevestigde galblaassiekte in postmenopousale vroue is wat estrogene, soos dié in Activelle®, ontvang.

’n Groter risiko om sistemiese lupus eritematose tydens HVT te ontwikkel, is aangemeld.

Die gebruik van estrogeen, soos dié in Activelle®, kan die uitslae van sekere endokriene en lewerfunksietoetse beïnvloed.

Vroue met voorafbestaande hipertrigliseriedemie moet noulettend tydens estrogeen- of hormoonvervangingsterapie met Activelle® gevolg word, aangesien seldsame gevalle van groot stygings van plasmatrigliseriede, wat aanleiding gee tot pankreatitis, met estrogeenterapie in hierdie toestand aangemeld is.

Estrogene verhoog tiroïedbindingsglobulien (TBG), wat aanleiding gee tot ’n verhoogde sirkulerende totale tiroïedhormoon, soos gemeet deur proteïengebonde jodium (PBI), T4-vlakke (per kolom of per radio-immuunessai) of T3-vlakke (per radio-immuunessai). T3-harsopname neem af, wat die verhoogde TBG reflekteer. Vry T4- en vry T3-konsentrasies is onveranderd. Ander bindingsproteïene kan in serum verhoog wees, d.i. kortikoïed-bindingsglobulien (KBG), geslagshormoonbindingsglobulien (GHBG), wat aanleiding gee tot verhoogde sirkulerende kortikosteroïede en geslagsteroïede, onderskeidelik. Vry of biologies aktiewe hormoonkonsentrasies is onveranderd. Ander plasmaproteïene kan dalk verhoog wees (angiotensienogeen/renien substraat, alpha-I-antitripsien en seruloplasmien).

Gebruik van HVT verbeter nie kognitiewe funksie nie. Daar is wel bewys van ’n groter risiko van moontlike demensie in vroue wat begin om deurlopende gekombineerde of slegs-estrogeen HVT ná die ouderdom van 65 te gebruik.

Risiko van depressiewe gemoed, depressie en selfmoord:
Gemoedsveranderinge en depressie is newe-effekte wat aangemeld is met die gebruik van hormoonbevattende produkte, Activelle® inkluis. Daar is wel bewys dat die gebruik van estrogeen- en/of progesteroon-/progestogeen-bevattende medisynes in verband gebring kan word met erge depressie en ’n hoër risiko van selfmoordgedagtes/-gedrag (bv. praat van selfmoord, onttrek van sosiale kontak, gemoedskommelinge, beheptheid met die dood of geweld, voel hopeloos oor ’n situasie, toenemende gebruik van alkohol/dwelms, doen selfvernietigende goed, persoonlikheidsveranderinge) en selfmoord. Voorskrifskrywers moet vir hul pasiënte sê om hul dokter om advies te kontak as hulle gemoedsveranderinge en depressie ervaar terwyl hulle op behandeling met Activelle® is.

Laktosemonohidraat
Activelle® bevat laktosemonohidraat. Pasiënte met seldsame oorerflike probleme van galaktose-intoleransie, algehele laktosetekort of glukose-galaktose wanabsorpsie, moet nie Activelle® neem nie.

4.5 Interaksie met ander medisynes en ander soorte interaksie
Die metabolisme van die aktiewe bestanddele in Activelle® kan verhoog word deur die samelopende gebruik van middels wat bekend is om medisynemetaboliserende ensieme te induseer, spesifiek sitochroom P450-ensieme, soos stuipwerende middels (bv. fenobarbitaal, fenitoïen, karbaamasepien) en teenbesmettingsmiddels (bv. rifampisien, rifabutien, nevirapien, efavirenz) en verlaag die doeltreffendheid van Activelle®.

Ritonavir, telaprevir en nelfinavir, hoewel dit bekend is as sterk remmers, toon in teenstelling induserende eienskappe wanneer dit samelopend met steroïedhormone gebruik word, estradiool en noretisteroonasetaat inkluis. Kruiepreparate wat Sint Janskruid (*Hypericum perforatum*) bevat, kan die metabolisme van estrogene en progestogene induseer.

Kliniesgesproke, kan ’n verhoogde metabolisme van estradiool en noretisteroonasetaat aanleiding gee tot swakker uitwerking en veranderinge in die baarmoederbloedingsprofiel.

Medisynes wat die werking van hepatiese mikrosomale medisynemetaboliserende ensieme, bv. ketokonasool rem, kan sirkulerende vlakke van die aktiewe stowwe in Activelle® dalk verhoog.

Samelopende toediening van siklosporien en Activelle® kan dalk verhoogde bloedvlakke van siklosporien, kreatinien en transaminases weens laer metabolisme van siklosporien in die lewer veroorsaak.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie
Swangerskap.
Activelle® is teenaangedui tydens swangerskap.

As swangerskap tydens medikasie met Activelle® plaasvind, moet behandeling onmiddellik onttrek word.

Data oor ’n beperkte aantal blootgestelde swangerskappe dui op nadelige uitwerkings van noretisteroon op die fetus. Teen dosisse hoër as wat normaalweg in mondelikse voorbehoeding en HVT-formulasies gebruik word, is vermanliking van vroulike fetusse waargeneem.

Laktasie
Activelle® moet nie tydens laktasie gebruik word nie.

Vrugbaarheid
Geen data is beskikbaar nie.

4.7 Uitwerkings op vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
Activelle® het geen bekende uitwerkings op die vermoë om te bestuur of om masjiene te gebruik nie.

4.8 Ongewenste uitwerkings
Die newe-effek wat die gereeldste in die kliniese proewe met Activelle® aangemeld is, was vaginale bloeding en pyn/teerheid van die borste wat in sowat 10 % tot 20 % van pasiënte aangemeld is. Vaginale bloeding het gewoonlik in die eerste maande van behandeling voorgekom. Pyn van die borste het gewoonlik na ’n paar maande se terapie verdwyn.

As vaginale bloeding ná ses maande se behandeling onaanvaarbaar is, moet behandeling gestaak word. As vaginale bloeding voortduur nadat die behandeling gestaak is, moet die etiologie van die bloeding ondersoek word (sien Afdeling 4.4).

Alle newe-effekte wat waargeneem is in die gerandomiseerde kliniese proewe met ’n hoër gereeldheid in pasiënte wat met Activelle® in vergelyking met plasebo behandel is en volgens algehele oordeel dalk verband hou met behandeling, verskyn in die tabel hieronder.

Stelselorgaan	**Baie algemeen** **≥ 1/10**	**Algemeen** **≥ 1/100;** **< 1/10**	**Ongewoon** **≥ 1/1 000;** **< 1/100**	**Seldsaam** **≥ 1/10 000;** **< 1/1 000**
Infeksies en infestasies		Genitale kandidiase of vaginitis		
Versteurings van die immuunstelsel			Hipersensitiwiteit	
Metabolisme- en voedingsverwante versteurings		Vloeistofretensie		
Psigiatriese versteurings		Depressie of verergerde depressie	Senuwee-agtigheid	
Versteurings van die senuweestelsel		Hoofpyn, migraine of verergerde migraine		
Vaskulêre versteurings			Oppervlakkige tromboflebitis	Diep veneuse trombo-embolisme, pulmonêre embolisme
Gastro-intestinale versteurings		Naarheid	Abdominale pyn, abdominale distensie of abdominale ongemak, flatulensie of opgeblasenheid	
Versteurings van die vel en subkutane weefsel			Alopesie, hirsutisme of aknee, pruritus of urtikaria	
Versteurings van die spier-skeletstelsel en bindweefsel		Rugpyn	Beenkrampe	

Versteurings van die voortplantingstelsel en borste	Pyn of teerheid van die borste, vaginale bloeding	Edeem of vergroting van die borste, verergerde uterine fibroïede of hervoorkoms van uterine fibroïede		
Algemene versteurings en toestande by plek van toediening		Perifere edeem	Medisyne is ondoeltreffend	
Ondersoeke		Swaarder liggaamsmassa		

Ná-bemarkingservaring:
Benewens die bogenoemde newe-effekte, is dié wat hieronder genoem word, spontaan aangemeld en word volgens algehele oordeel geag om moontlik verband te hou met behandeling met Activelle®.

Die gereeldheid van aanmelding van hierdie spontane newe-effekte kan nie bepaal word nie:

- Goedaardige en kwaadaardige neoplasmas (siste en poliepe inkluis): kanker van die endometrium
- Versteurings van die immuunstelsel: algemene hipersensitiwiteitsreaksie (bv. anafilaktiese reaksie/skok)
- Psigiatriese versteurings: insomnie, angs, afname in libido, toename in libido
- Versteurings van die senuweestelsel: duiseligheid, beroerte
- Oogversteurings: sigversteurings
- Vaskulêre siektes: verergerde hipertensie
- Gastro-intestinale versteurings: dispepsie, braking
- Versteurings van die lewer en galblaas: galblaassiekte, cholelitiase, verergerde cholelitiase, hervoorkoms van cholelitiase
- Versteurings van die vel en subkutane weefsel: seborree, veluitslag, angio-edeem
- Versteurings van die voortplantingstelsel en borste: endometriale hiperplasie, vulvovaginale pruritus
- Versteurings van die hart: miokardiale infarksie en beroerte
- Ondersoeke: laer liggaamsmassa, hoër bloeddruk.

Ander newe-effekte is aangemeld in verband met estrogeen-/progestogeenbehandeling:

- Estrogeen-afhanklike neoplasmes, goedaardig en kwaadaardig, bv. endometriale kanker
- Veneuse trombo-embolisme, d.i. diepveneusetrombose van die been of bekken en pulmonêre embolisme, kom meer gereeld voor onder gebruikers van hormoonvervangingsterapie as onder nie-gebruikers.
- Versteurings van die vel en subkutane weefsel: chloasma, eriteem multiforme, eriteem nodosum, vaskulêre purpura
- Waarskynlike demensie ouer as 65 (sien Afdeling 4.4)
- Erge depressie met ’n groter risiko van selfmoordgedagtes/-gedrag en selfmoord.

Risiko van kanker van die eierstokke
Gebruik van slegs-estrogeen of gekombineerde estrogeen-progestogeen HVT is in verband gebring met ’n effense groter risiko dat kanker van die eierstokke gediagnoseer word (sien Afdeling 4.4).

’n Meta-ontleding uit 52 epidemiologiese studies het ’n groter risiko vir kanker van die eierstokke aangemeld in vroue wat tans HVT gebruik in vergelyking met vroue wat nog nooit HVT geneem het nie (RR 1,43; 95 % VI 1,31 – 1,56). Vir vroue van 50 tot 54 jaar oud

wat HVT vir 5 jaar neem, het dit sowat 1 ekstra geval per 2 000 gebruikers tot gevolg. In vroue van 50 tot 54 wat nie HVT neem nie, sal sowat 2 vroue uit in 2 000 oor ’n tydperk van 5 jaar met kanker van die eierstokke gediagnoseer word.

Aanmelding van vermoedelike nadelige reaksies:
Die aanmelding van vermoedelike nadelige reaksies ná die magtiging van Activelle® is belangrik. Dit maak voortgesette monitering van die voordeel-/risikobalans van Activelle® moontlik. Verskaffers van gesondheidsorg word gevra om enige vermoedelike nadelige reaksies by SAROG aan te meld aan die hand van die “***6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form***” wat aanlyn onder SAHPRA se publikasies verskyn op: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

4.9 Oordosis
’n Oordosis kan geken word aan naarheid en braking. Behandeling moet simptomaties wees.

5 Farmakologiese eienskappe

5.1 Farmakodinamiese eienskappe:
Kategorie en klas: A 21.8.2 Progesterone met estrogene.

Farmakoterapeutiese groep: Progestogene en estrogene, vaste kombinasies.

ATC-kode: G03FA01

Die estrogeenkomponent van Activelle®, 17β-estradiool, plaasvervangers vir die verlies van estrogeenvervaardiging in menopousale vroue. Die progestogeenkomponent van Activelle®, noretisteroonasetaat, werk die estrogeen-geïnduseerde endometriale hiperplasie tee.

***Women’s Health Initiative*-studie (WHI-studie):**
Borskanker
Volgens bewyse uit ’n groot aantal epidemiologiese studies en een gerandomiseerde plasebobeheerde proef, die WHI, vergroot die algehele risiko van borskanker met verlengde tydsduur van die gebruik van hormoonvervangingsterapie (HVT) in huidige of onlangse HVT-gebruikers.

Vir slegs-estrogeen HVT, is beraamde relatiewe risiko (RR) uit ’n herontleding van oorspronklike data uit 51 epidemiologiese studies (waarin > 80 % van HVT-gebruik slegs estrogeen HVT was) en uit die epidemiologiese *Million Women Study* (MWS) eenders op 1,35 (95 % VI 1,21 – 1,49) en 1,30 (95 % VI 1,21 – 1,40), onderskeidelik.

Vir estrogeen plus progestogeen gekombineerde HVT, het verskeie epidemiologiese studies ’n algehele hoër risiko vir borskanker as met estrogene op hul eie aangemeld.

Die MWS het aangemeld dat die gebruik van verskeie soorte estrogeen-progestogeen gekombineerde HVT in verband gebring is met ’n groter risiko van borskanker (RR = 2,00, 95 % VI: 1,88 – 2,12) as die gebruik van estrogene op hul eie (RR = 1,30, 95 % VI: 1,21 – 1,40) of die gebruik van tibolone (RR = 1,45; 95 % VI 1,25 – 1,68).

Die WHI-proef het ’n beraamde risiko van 1,24 (95 % VI 1,01 – 1,54) ná 5,6 jaar se gebruik van estrogeen-progestogeen gekombineerde HVT (CEE + MPA) in alle gebruikers in vergelyking met plasebo aangemeld.

Die absolute risiko’s wat uit die MWS- en die WHI-proef bereken is, word hieronder voorgehou.

Die MWS het beraam dat, uit die bekende gemiddelde voorkoms van borskanker in ontwikkelde lande:

- word verwag dat sowat 32 uit elke 1 000 vroue wat nie HVT gebruik nie, tussen die ouderdom van 50 en 64 jaar met borskanker gediagnoseer sal word.
- die aantal bykomende gevalle vir 1 000 huidige of onlangse gebruikers van HVT tydens die ooreenstemmende tydperk:
  - vir gebruikers van slegs-estrogeen vervangingsterapie–
    - tussen 0 en 3 (beste beraming = 1,5) vir 5 jaar se gebruik sal wees
    - tussen 3 en 7 (beste beraming = 5) vir 10 jaar se gebruik sal wees.
  - vir gebruikers van estrogeen plus progestogeen gekombineerde HVT–
    - tussen 5 en 7 (beste beraming = 6) vir 5 jaar se gebruik sal wees
    - tussen 18 en 20 (beste beraming = 19) vir 10 jaar se gebruik sal wees.

Die WHI-proef het beraam dat na 5,6 jaar van opvolg van vroue tussen die ouderdom van 50 en 79 jaar, daar 8 bykomende gevalle van indringende borskanker weens estrogeen-progestogeen gekombineerde HVT (CEE + MPA) per 10 000 vrouejare sal wees.

Volgens berekeninge uit die proefdata, word beraam dat:

- vir 1 000 vroue in die plasebogroep–
  - sowat 16 gevalle van indringende borskanker in 5 jaar gediagnoseer sal word.
- vir 1 000 vroue wat estrogeen + progestogeen gekombineerde HVT (CEE + MPA) gebruik het, die aantal bykomende gevalle–
  - tussen 0 en 9 (beste beraming = 4) vir 5 jaar se gebruik sal wees.

Die aantal bykomende gevalle van borskanker in vroue wat HVT gebruik, is oor die algemeen eenders vir vroue wat HVT begin, ongeag van ouderdom met die aanvang van gebruik (tussen die ouderdom van 45 – 65 jaar).

5.2 Farmakokinetiese eienskappe:

Ná mondelikse toediening van 17β-estradiool (E_2) in gemikroniseerde vorm, vind baie vinnige absorpsie uit die spysverteringskanaal plaas. Dit ondergaan uitgebreide eerste-deurgang metabolisme in die lewer en ander ingewandsorgane.

Ná enkeldosistoediening bereik E_2 ’n piekplasmakonsentrasie van ongeveer 35 pg/ml (reeks 21 – 52 pg/ml) binne 5 – 8 ure.

Die halfleeftyd van E_2 is sowat 12 – 14 ure. Dit sirkuleer gebonde aan geslagshormoon-bindingsglobulien (37 %) en aan albumien (61 %), terwyl slegs sowat 1 – 2 % ongebonde is. Metabolisme van E_2 vind hoofsaaklik in die lewer en derm plaas, maar ook in teikenorgane, en behels die vorming van minder aktiewe of onaktiewe metaboliete, insluitende estroon, katesjolestrogene en verskeie estrogeensulfate en glukuroniede. Estrogene word met die gal, waar hulle gehidroliseer en herabsorbeer word (enterohepatiese sirkulasie) en hoofsaaklik in urine in biologies onaktiewe vorm, uitgeskei.

Ná mondelikse toediening word noretisteroonasetaat baie vinnig geabsorbeer en omgeskakel in noretisteroon (NET). Dit ondergaan eerste-deurgang metabolisme in die lewer en ander ingewandsorgane. Ná enkeldosistoediening bereik NET ’n piekplasmakonsentrasie van ongeveer 3,9 ng/ml (reeks 1,4 – 6,8 ng/ml) binne 0,5 – 1,5 uur. Die terminale halfleeftyd van NET is sowat 8 – 11 ure. NET bind aan geslagshormoonbindingsglobulien (36 %) en aan albumien (61 %). Die belangrikste metaboliete is isomere van 5α-dihidro-NET en van tetrahidro-NET, wat hoofsaaklik in die urine uitgeskei word as sulfaat- of glukuroniedkonjugaat.

Die farmakokinetika in bejaardes is nie bestudeer nie.

5.3 Voor-kliniese veiligheidsdata
Estrogene se akute toksisiteit is laag. Weens merkbare verskille tussen dierspesies en tussen diere en mense, het voor-kliniese uitslae ’n beperkte voorspellingswaarde vir die toediening van estrogene in mense.

In proefdiere het estradiool of estradioolvaleraat reeds met betreklik lae dosisse ’n uitwerking getoon wat dodelik vir embrio’s was; misvormings van die urogenitale kanaal en vervrouliking van manlike fetusse is waargeneem.

Noretisteroon, soos ander progestogeen, het vermanliking van vroulike fetusse in rotte en ape veroorsaak. Ná hoë dosisse noretisteroon is uitwerkings waargeneem wat dodelik vir embrio’s was.

Voor-kliniese data wat op konvensionele studies van herhaalde dosistoksisiteit, genotoksisiteit en karsinogeniese potensiaal geskoei is, het geen spesifieke risiko’s vir mense geopenbaar behalwe dié wat in die professionele inligting bespreek is nie.

6 Farmaseutiese besonderhede

6.1 Lys van bindmiddels
Kopovidoon (E335),
Gliseroltriasetaat (E1518);
Hipromellose;
Laktosemonohidraat;
Magnesiumstearaat (E572);
Mieliestysel; en
Talkum (E553b).

6.2 Onverenigbaarhede
Nie van toepassing nie.

6.3 Raklewe
24 maande wanneer dit teen of onder 25 °C bêre word.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging
Berg op ’n droë plek, beskerm teen lig. Moenie verkoel nie.

Moenie hierdie produk gebruik ná die vervaldatum wat op die kalender-draaipak en/of die boksie se etikette gemerk is nie.

6.5 Aard en inhoud van houer
Activelle® word voorsien in ’n kalender-draaipak wat bestaan uit ’n basis, ringvormige deksel en ’n middelste draaigedeelte. Elke pakkie bevat 28 tablette.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering
Geen.

7 Houer van Registrasiesertifikaat
Novo Nordisk (Edms.) Bpk.
Rivoniaweg 150
Marionstraat 10 Kantoorpark
Gebou C1
Sandton
Johannesburg, 2196

8 Registrasienommer
33/21.8.2/0532

9 Datum van eerste magtiging
6 Februarie 2001

10 Datum van bywerking van die teks
3 Maart 2022


Activelle® is ’n handelsmerk in die besit van Novo Nordisk Health Care AG.

© 2022


Novo Nordisk A/S

Gebruiksaanwysings vir die kalender-draaipak

1. Stel die dag-herinnering:
Draai die binneste skyfie om die dag van die week regoor die klein plastiekoortjie te stel.



2. Hoe om die eerste tablet te neem:
Breek die plastiekoortjie af en keer die eerste tablet uit.



3. Elke dag:
Skuif die deursigtige draaigedeelte bloot kloksgewys met een spasie aan, soos aangedui deur die pyltjie. Keer die volgende tablet uit.
Die deursigtige draaigedeelte kan eers gedraai word nadat die tablet in die opening uit gehaal is.

